



Department of Education

North West Province
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GRAAD 10

REKENINGKUNDE

SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING 2023

JUNIE-EKSAMEN

VRAESTEL

DATUM: 15 JUNIE 2023

200 PUNTE

TYD: 2½ Uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n antwoordeboek van 13 bladsye.

Instruksies en inligting

Lees die volgende instruksies noukeurig deur en volg dit presies.

1. Beantwoord alle vrae
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin ALLE vrae beantwoord moet word.
3. Toon alle bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Gebruik die inligting hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om nie daarvan af te wyk nie.

Vraag 1: 20 Punte; 15 Minute	
Onderwerp	Dit integreer
Boekhouding	Konsepte en AARP-beginsels Interne Beheer en Etiek
Vraag 2: 28 Punte; 20 Minute	
Onderwerp	Dit integreer
Rekeningkundige vergelyking	Ontleding van transaksies
Vraag 3: 72 Punte; 55 Minute	
Onderwerp	Dit integreer
Hulpjoernale en Grootboeke	Voltooi van hulpjoernale Oorboeking na die Grootboek
Vraag 4: 28 Punte; 20 Minute	
Onderwerp	Dit integreer
Versoenings	Debiteurekontrole en -lys Interne beheer
Vraag 5: 52 Punte; 40 Minute	
Onderwerp	Dit integreer
Salarisjoernaal	Konsepte Voltooi van Salarisjoernaal

Vraag 1: AARP- beginsels, Konsepte, Etiek en Interne beheer
(20 Punte; 15 Minute)

1.1 AARP- beginsels en Konsepte

Kies 'n term uit Kolom B wat by die beskrywing in Kolom A pas.
 Skryf SLEGS die letter (A - J) langs die vraagnommer 1.1.1-1.1.10 in die
 ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.1 C. (10)

Kolom A		Kolom B	
1.1.1	Finansiële state word opgestel met die veronderstelling dat die besigheid in die afsienbare toekoms sal voortgaan om handel te dryf.	A	Historiese koste
1.1.2	Inligting wat belangrik is, moet afsonderlik in die Finansiële State aangeteken word.	B	Lening
1.1.3	Geld wat deur die eienaar bygedra is om 'n besigheid te begin.	C	Onttrekkings
1.1.4	Geld wat verloor is weens diefstal van voorraad word afgeskryf, al is daar 'n moontlikheid dat dit verhaal kan word.	D	Parings
1.1.5	Rente verdien op Vaste Deposito of Belegging word aangeteken as 'n.....	E	Lopende saak
1.1.6	Vaste Bates aangekoop word in die Finansiële State teen sy oorspronklike kosprys aangeteken.	F	Entiteitsbeginsel
1.1.7	Die finansiële sake van die eienaar en die besigheid moet apart gehou word.	G	Kapitaal
1.1.8	'n Bedrag geld wat by die bank geleen is wat met rente oor 'n sekere tydperk terugbetaalbaar is.	H	Omsigtigheid
1.1.9	Inkomste en uitgawes moet in die korrekte rekeningkundige tydperk aangeteken word, ongeag of dit ontvang of betaal is.	I	Inkomste
1.1.10	'n Rekening wat geskep word wanneer die eienaar geld of goedere van die besigheid neem vir persoonlike gebruik.	J	Wesentlikheids

1.2 Interne Beheer en Etiek

- 1.2.1 Definieer die term, Etiek. (2)
- 1.2.2 Die eienaar van die besigheid is bekommerd oor die koers van diefstal van voorraad uit die stoorkamer. Hy het sedertdien na jou gekom vir raad. Verduidelik TWEE interne beheermaatreëls wat jy dink in die besigheid toegepas moet word om behoorlike beheer oor voorraad te handhaaf. (4)
- 1.2.3 Die eienaar van die besigheid is ook bekommerd oor die bedrag geld wat tussen aanteken en deponering verdwyn. Gee TWEE interne beheermaatreëls wat die eienaar in plek kan stel om behoorlike beheer oor kontant te hou. (4)
- [10]

Vraag 2: Rekeningkundige vergelyking**(28 Punte; 20 Minute)**

- 2.1 Die inligting hieronder hou verband met **Loadshedding Stores**. Transaksies was geneem uit hul **Februarie 2023**-rekords.

GEVRA:

Ontleed elke transaksie volgens die tabel in die Antwoordeboek.

Dui 'n toename aan met 'n + en 'n afname met 'n - en geen effek met 'n 0. (28)

Voorbeeld: Het 'n EFO-betaling aan Lakeside Stationers vir R500 gemaak.

Nr.	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Bedrag	Bates	Eienaars- belang	Laste
Bv.	Skryfbehoeftes	Bank	500	-	-	0

Transaksies:

- 2.1 Ontvang R 600 van A. April, 'n debiteur ter betaling van sy rekening.
- 2.2 Skenk goedere ten bedrae van R5 000 aan 'n Kinderhuis.
- 2.3 'n EFO-betaling is gemaak om Handelsvoorraad ten bedrae van R8 500 te koop.
- 2.4 Verkoop goedere vir kontant, R30 000. Die besigheid pas 'n 50%-winsopslag toe.
- 2.5 Toerusting vir R40 000 op krediet by Chizza Verskaffers gekoop.
- 2.6 Het R1 800 huurinkomste van 'n huurder ontvang.
- 2.7 Die besigheid het 'n EFO-betaling gemaak vir die EEN maand se rente op lening van Viva Bank. Die leningsaldo was R90 000 teen 10 % per jaar.

VRAAG 3 : Hulpjoernale, Algemene Grootboek & Krediteuregrootboek
(72 Punte; 55 Minute)

3.1 TLOKWE HANDELAARS

Jy word voorsien van gedeeltelik voltooide joernale vir die maand Julie 2022 uit die boeke van Tlokwe Handelaars. Tlokwe verkoop 'n wye reeks Eetstelle aan die publiek teen 'n winsopslag van 75% op kosprys.

GEVRA:

3.1.1 Gebruik die transaksies hieronder om die volgende joernale vir Julie 2022 te voltooi.

- Kontantbetalingsjoernaal (19)
- Krediteurejoernaal (7)
- Krediteureafslagjoernaal (6)
- Algemene Joernaal (6)
- Debiteurejoernaal (4)
- Debiteureafslagjoernaal (6)

3.1.2 Stel die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek van Tlokwe Handelaars op. Balanseer die rekeninge.

- Bank (4)
- Krediteurekontrole (8)
- Verkope (4)

3.1.3 Boek oor na die Krediteuregrootboekrekening: Moss Winkels (8)

INLIGTING:

A. OPENINGSSALDO'S OP 1 JULIE 2022:

ALGEMENE GROOTBOEK	R
Bank (ongunstig)	18 450
Debiteurekontrole	?
Krediteurekontrole	17 350
Verkope	96 000
DEBITEURE GROOTBOEK OP 1 JULIE 2022:	R
R. Rasta	40 000
O. Abel	9 600
T Thomas	5 100
TOTAAL	R54 700
KREDITEURE GROOTBOEK OP 1 JULIE 2022:	R
Moss Winkels	R8 150
Frasers Handelaars	9 200
	17 350

B. ANDER TRANSAKSIES WAT AANGETEKEN MOET WORD:

- 20 Betaal die versekeringspremie van R 6 000 per EFO aan Thokoza Versekerers. Ingesluit by die bedrag is R2 000 vir die eienaar se motor.
- 21 Goedere verkoop op krediet aan T Thomas vir R15 400. (Fakt. 221)
- 22 Het die volgende op krediet by Moss Winkels gekoop:
- Handelsvoorraad van R28 000
 - Skryfbehoeftes vir R560. (Fakt. 88)
- 23 Het 'n debietnota (D/N 37) aan Moss Winkels uitgereik aangesien die normale handelskorting van 10% nie op faktuur 88 afgetrek is nie.
- 24 T Thomas het goedere met 'n verkoopprijs van R1 400 (verwys na Fakt. 221) teruggestuur, aangesien dit nie volgens die monster was nie. Kredietnota No 45 uitgereik.
- 25 Bankstaat van Total Bank:
- Kontantheringsfooi – R45
 - Diensfooi - R120
 - OTM-fooi - R80
 - Rente op oortrokke rekening – R285
- 26 Het 'n EFO gemaak om salarisse vir die maand te betaal:
- | | |
|-----------------|---------|
| Bruto salarisse | R55 000 |
| Netto salarisse | R41 000 |
- 27 O. Abel het gekla dat die goedere wat op 2 Julie 2022 aan haar verkoop is, beskadig is. Het ingestem om haar 'n vermindering van 20% te gee. Kredietnota no. 46 uitgereik.
- 28 Doen 'n EFO-oorslag aan Norman om die maandelikse huur te betaal, R8 100.
- 29 Betaal Frasers Handelaars se rekening op 1 Julie 2022 per EFO minus 5% afslag.
- 29 Betaal die paalement op die lening van R4 400 plus R240 rente per EFO aan Paris Bank.
- 30 Skryf 'n debiteur T. Thomas se rekening af as oninbaar, R16 350. 'n Bedrag van R600 vir Telefoon is verkeerdelik teen Advertensies gedebiteer. Herstel die fout.

Vraag 4 Debiteurekontrolerekening en -lys (28 Punte; 20 Minute)

Die volgende inligting het op 31 Julie 2022 in die boeke van Madibeng Handelaars verskyn.

- 4.1 Bereken die korrekte saldo van die Debiteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek. Wys al jou berekeninge. (10)
- 4.2 Stel die aangepaste Debiteurelys op, nadat die foute en weglatings in ag geneem is. (14)
- 4.3 Lys enige TWEE belangrike dokumente en inligting wat besighede van kliënte sal vereis voordat aan hulle krediet verskaf sal word. (2)
- 4.4 Noem TWEE maniere waarop jy debiteure kan aanmoedig om hul rekeninge betyds te betaal. (2)

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN MADIBENG HANDELAARS
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING**

DEBITEUREKONTROLE

2022 Julie	1	Saldo	a/b	18 130	2022 Julie	31	Bank & Korting toegestaan	KOJ	13 200
	31	Verkope	DJ	24 400			Debiteureafslag	DAJ	1 750
		Joernaaldebite	AJ	3 400			Joernaalkrediete	AJ	900
							Saldo	o/b	30 080
				45 930					45 930
2022 Aug	1	Saldo		30 080					

Debiteurelys op 31 Julie 2022	Debiet	Krediet
T. Thapelo	2 971	
D. Dlamini	5 600	
M. Mokaleng		3 000
M. Monareng	8 200	
M. Mogorosi	6 029	
	19 800	

Bykomende inligting, foute en weglatings

1. Aanvaar dat die openingsaldo van die Kontrolerekening op 1 Julie 2022 korrek is.
2. Die Debiteurejoernaal is met R2 600 onderberek.
3. 'n Betaling van R1 500 ontvang van M. Monareng is verkeerdelik na die rekening van M. Mogorosi oorgeboek.
4. 'n Faktuur vir R950 in die Debiteurejoernaal is na die rekening van M. Monareng as R590 oorgeboek.
5. 'n Kredietnota van R350 is korrek in die Debiteureafslagjoernaal aangeteken, maar as R530 in die rekening van D.Dlamini oorgeboek.
6. 'n Faktuur wat aan T. Thapelo uitgereik is vir R6 400, is na die verkeerde kant toe oorgeboek.
7. M. Mokaleng se kredietsaldo van R3 000 moet na haar rekening in die Krediteuregrootboek oorgeplaas word. Geen inskrywing is hiervoor gemaak nie.
8. Rente van R150 moet steeds in berekening gebring word op die agterstallige rekening van T. Thapelo.
9. Kortings van R460 is korrek in die KOJ aangeteken, maar dit is weggelaat toe dit na D. Dlamini se rekening oorgeboek is.

Vraag 5: SALARISJOERNAAL**(52 Punte; 40 Minute)****5.1 BASIESE BEGRIPPE**

Pas die verduideliking in Kolom B by die term in Kolom A. Skryf slegs die korrekte letter neer.

(5)

	Kolom A		Kolom B
5.1.1	Mediesefonds	A	Dit sal 'n maandelikse inkomste vir 'n persoon met aftrede.
5.1.2	Pensioenfonds	B	Bydrae gemaak deur die werkgewer namens sy werknemers.
5.1.3	WVF	C	'n Vorm van belasting betaal uit salarisse en lone.
5.1.4	LBS	D	Betaal om te verseker dat werknemers en gesinne toegang het tot kwaliteit gesondheidsorg.
5.1.5	Werkgewersbydrae	E	'n Persoon kan hieruit eis wanneer hy sy werk verloor.

5.2 **Antwoord die volgende vrae:**

- Verduidelik kortliks die verskil tussen "aftrekkings" en "bydraes". (4)
- Een van die werknemers is van mening dat om by 'n Pensioenfonds aan te sluit, geldmors is. Stem jy saam met hierdie werknemer? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

5.3 **SALARISJOERNAAL**

Die volgende inligting hou verband met Ratlou Handelaars vir die maand van Mei 2023.

GEVRA:

5.3.1 Voltooi die Salarisjoernaal vir Mei 2023. (41)

INLIGTING:

Werknemers	Basiese salaris	Aftrekkings			
		LBS	Mediese-fonds	Pensioen-fonds	WVF
P. Paul	R30 800 p/m	18% van bruto	R3 500	7,5% van basiese	R308
K. Koning	R36 800 p/m	25% van bruto	R4 800	7,5% van basiese	R368
S. Sam	R 501 600 p/j	28% van bruto	R5 900	7,5% van basiese	R418

Bykomende inligting

- Die werkgewer dra 10% van die basiese salaris by tot die Pensioenfonds.
- Die werkgewer se bydrae tot die Mediese-fonds, GEMS, is R2 vir elke R1 wat van werknemers afgetrek word en tot WVF is dit op 'n rand-vir-rand-basis.

TOTALE PUNTE
200